28 JANUARIE 2019

1 Korinthiërs 10:13: #Beskerming

"Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra."

Ons leef regtig in die laaste dae, want die vyand probeer alles in sy vermoë om die mens te verlei deur allerhande versoekings. Jakobus 1:2 verklaar: "Ag dit loutere vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekings val...." God se beskerming is daar, want Hy bly getrou, wat nie sal toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie, maar saam met die versoeking stuur Hy die uitkoms.

Apostel Jakobus hou ons dit voor dat die versoekings bewerk lydsaamheid, sodat ons volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kort kom nie.

Daarom kan ons God vertrou want Hy is ons bergvesting, die Rots van die eeue by Hom wil ek skuil met my hele hart en siel. Psalm 118:8 wys ons daar op dat: "Dit is beter om by die Here te skuil as om op mense te vertrou. God is Magtig om ons teen elke onheile te beskerm.

Ek wil u aanmoedig - maak jou keuse. Met die Here sal jou lewe nooit weer dieselfde wees nie.

Vrede / Shalom.